

AKTUEEL

SKOOLGESKIEDENIS EN RASSISME

*Dr. N.C. de Wet
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

1. Inleiding

Geskiedenisonderrig in Suid-Afrika is tans nie net onder die soeklig nie, maar het volgens Van Jaarsveld "een van die dringendste en moeilikste probleme in die onderwys geword".¹ Die rede hiervoor is dat Geskiedenis nie 'n objektiewe en eksakte wetenskap is nie: deur die eensydige seleksie en interpretasie van die verlede-werklikheid word die geskiedenis dienstig aan politieke oogmerke. Politieke veranderinge wat na mnr. F.W. de Klerk se toespraak in die Parlement op 2 Februarie 1990 momentum gekry het en uitloop het op die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994, vra om 'n herevaluering van skoolgeskiedenis.

Aangesien die NEPPI-dokument hom uitgespreek het ten gunste van die behoud van skoolgeskiedenis as deel van die nasionale kurrikulum² en nuwe leerplanne teen 1996 geïmplementeer sal word,³ is die doel van die artikel om te wys op:

- * foute wat begaan is met rassisties georiënteerd skoolgeskiedenis tydens die apartheidstydperk;
- * tendense en gevare verbonde aan omgekeerde rassisme soos weerspieël in swart historiografie; en
- * die moontlike waarde van skoolgeskiedenis in die daarstelling van rasseharmonie in 'n veelrassige Suid-Afrika.

2. Begripsomskrywing

2.1 Rassisme

Die eerste verskyning van die woord "race" in die Engelse taal was in 1508 in die gedig deur William Dunbar "The dance of the Sevin Deidly Sins".⁴ Daarteenoor is die begrip rassisme relatief reser. Volgens Banton⁵ is een van die eerste skrywers wat die begrip gebruik het Ruth Benedict in haar boek "Race and Racism" (1940). Sedertdien is daar veral vanuit

sosiologiese gelede besondere aandag aan die aard, wese en betekenis van hierdie begrip gegee.

Vervolgens sal op begripsomskrywings van rassisme deur van die bekendste eksponente van die onderwerp gelet word:

Volgens Benedict is rassisme "the dogma that one ethnic group is condemned by nature to congenital inferiority and another group is destined to congenital superiority."⁶

Banton definieer rassisme as "the doctrine that a man's behavior is determined by stable inherited characters derived from separate racial stocks having distinctive attributes and usually considered to stand to one another in relation of superiority and inferiority."⁷

Vir Ross beteken rassisme "those systems of thought in which group characteristics of human beings, of a non-somatic nature, are considered to be fixed by principles of descent and in which, in general, physical attributes (other than those of sex) are the main sign by which characteristics are attributed. In addition, almost by definition, the systems of thought entailed in this require that there is a hierarchy of the various races, and that those in the lower ranks of that hierarchy are seriously disadvantaged, at least if the proponents of racist thoughts are able to impose their will on the society in which they live."⁸

Wilson omskryf rassisme as 'n "ideology of racial domination or exploitation that (1) incorporates beliefs in a particular race's cultural and/or inherent biological inferiority and (2) uses such belief to justify and prescribe inferior or unequal treatment for that group".⁹

Uit bogenoemde kan afgelei word dat rassisme 'n dogma of ideologie is wat van die veronderstelling uitgaan dat een ras meerderwaardig is en gevolglik die reg het om oor ander te heers.

In 'n veelrassige Suid-Afrika het rassisme vergestaltig gevind in apartheid en is die ideologie sedert 1948

geïnstitutionaliseer deur die aanvaarding van 'n reeks apartheidswette wat die posisie van die blanke as die meerwaardige ras verskans het. Aangesien Geskiedenis by uitstek dié vak is waarin die gemeenskap se waardes en volksbewussyn vertolk en herhaal word,¹⁰ hou rassisme implikasies in vir die onderrig van skoolgeskiedenis.

2.2 Geskiedenis

Die woord geskiedenis is afgelei van die Duitse woord "Geschehen" en beteken "dit wat gebeur het", of die gebeurde. Die woord historie is afgelei van die Griekse woord "Historia" en beteken letterlik "ondersoek".¹¹ Hierdie ondersoek bestaan volgens Broodryk uit twee elemente, naamlik die beskrywing van dit wat gebeur het en die interpretasie of vertolking daarvan.¹² Die eerste element is die eenvoudige; die tweede die komplekse omdat dieselfde gebeure deur verskillende individue verskillend vertolk en geïnterpreteer kan word. Vanweë die omvangrykheid en gekompliseerdheid van die verlede-werklikheid kan die historikus nie alles bestudeer nie, en moet 'n seleksie gemaak word.

Vervolgens sal gelet word op hoe rassisme deur die seleksie en interpretasie van die verlede-werklikheid in skoolgeskiedenis vergestalt is/word.

3. Die vergestaltung van rassisme in skoolgeskiedenis tydens die apartheidstydperk

Groot ontevredenheid bestaan oor die onderrig van skoolgeskiedenis in Suid-Afrika ten opsigte van die seleksie sowel as die interpretasie van die geselekteerde inhoud.¹³ Leerplanne vir geskiedenis het volgens Van Jaarsveld nie op konsensus van verskillende belangegroepes berus nie, maar was voorskryftelik en is opgestel deur hoofsaaklik Afrikaanssprekende blanke geskiedenisonderwysers wie se "sterk tradisie-gebondenheid, staats- en groeplelange en kulturele ideale ... hulle visie beperk het."¹⁴ Dit het tot gevolg gehad dat rassisme neerslag gevind het in skoolgeskiedenis, want "history in the classroom is almost inevitably regarded as a political tool".¹⁵

3.1 Regverdiging van rassebeleid

Skoolgeskiedenis is volgens Van Jaarsveld¹⁶ en Chernis¹⁷ reeds sedert die negentiende eeu deur opeenvolgende regerings in Suid-Afrika gebruik ter regverdiging van hul onderskeie beleidsrigtings. Aangesien die oorheersing van een ras oor 'n ander in die ideologie van rassisme volgens Wilson¹⁸ en Ross¹⁹ geregtig word op grond van die meerderwaardigheid van die dominante ras, het die skrywers van skoolgeskiedenis-handboeke deur die

gebruikmaking van aspekte soos taal, meestersimbole en stereotipes subtiel, en soms minder subtiel, die sogenaamde meerderwaardigheid van die blanke ras beklemtoon.

In die onderstaande bespreking van genoemde aspekte sal gelet word op die vergestaltung van rassisme in enkele skoolgeskiedenis-handboeke (1985-leerplanne).

Taal

Taal is die uiting van die diepste gevoelens en die heersende denkrigtings van die individu en sy gemeenskap. Evokatiewe taal wat in 'n handboek gebesig word, kan volgens Oosthuizen sterk gevoelens by die leser opwek en het eensydige simpatie tot gevolg.²⁰

Simpatie vir die weerlose, onbeskermdes trekboere word deur Van Niekerk, Lintvelt, Van Wyk en Stander by die leser gewek: "hulle (die agtiende eeuse trekboere) kon nie 'n rustige lewe voer nie, want die boer moes gedurig oor sy eiendom waak. Saans moes hy met sy geweer aan sy sy slaap en op sy troue honde staatmaak om hom te waarsku".²¹ Ook Joubert en Britz huldig die siening: "frontier farmers (were left) defenceless and the raids increased."²² Daarteenoor word na die swartes verwys as "kwaaddoeners" wat "nie die grens eerbiedig het nie."²³

In skoolgeskiedenis-handboeke word die verhoudinge tussen swart en blank as problematies voorgestel en die term "nie-blanke probleme" kom vry algemeen voor.

Met die woorde "[g]een selfrespekterende staat kon lid bly van 'n organisasie wat in 'n drukgroep ontwikkel het nie" word nie net Suid-Afrika se uitrede uit die Statebond en by implikasie sy apartheidsbeleid goedgekeur nie, maar word buitelandse kritiek téén die beleid veroordeel.²⁴

Stereotipes

Stereotipes is 'n statiese beeld van die wêreld rondom ons waarvolgens ons gewoontes, voorkeure en vermoëns aangepas is.²⁵ Weens die statiese aard van stereotipes kan groepe vaste beskrywings kry wat nie ruimte vir afwyking of verandering laat nie. Individuele verskille word nie erken nie. Onderstaande dien as voorbeelde van die negatiewe stereotipering van die San, Khoi-Khoi en Swartes in geskiedenis-handboeke.

Volgens Mazel en Stewart het die skrywers van geskiedenis-handboeke 'n obsessie met die fisiese voorkoms van die San.²⁶ Vanuit 'n Eurosentryse

perspektief word hulle as "klein, geel mensies"²⁷ en "kort mensies, skaars 1,5 m lank ... hulle hande en voete was klein"²⁸ beskryf. Hieruit sou afgelei kon word dat hulle fisies minderwaardig is in vergelyking met die blankes.

Broodryk noem die San die "onontwikkelde van al die bevolkingsgroepe in ons land."²⁹ Om die feit te beklemtoon word gemeld dat die San "nie 'n verskil gemaak (het) tussen wilde diere en veeherders se veetroppe nie." Hulle menswees word verder gereduseer deur die feit dat hulle "die grootste deel van hulle tyd aan die versameling van voedsel bestee" het.³⁰ Voorts word hulle as lui voorgestel: hulle het "die kuddes wat aan die Khoi-Khoi-stamme behoort het, geplunder omdat dit makliker was om die vee te jag as die wilde diere".³¹

In die beskrywing van die aard en leefwyse van die Khoi-Khoi meld Broodryk³² dat die krale "maar onhigiënies" was. Hulle word deur Joubert en Britz as lui en oneerlik getipeer: "Because they were not prepared to work, they had to steal in order to survive."³³

Die stereotipering van die slawe aan die Kaap is uiters negatief: "Negerslawe was die goedkoopste en het die eenvoudigste werk gedoen ... die huisslawe was 'n beter tipe slaaf ... die duurste slawe was die Maleiers ... (hulle) was veel hoër ontwikkel ... (en) was netjiese, intelligente en vaardige mense."³⁴ Lambrecht *et al* verwys na hul "astrantheid en nalatigheid".³⁵ Van Rensburg, Oosthuizen en Saks impliseer dat hulle nie net lui was nie, maar ook oor lae sedelike waardes beskik het: "Others ran away when they had to start ploughing after the first rains. Others ran off after Khoikhoi girls!"³⁶

Swartes is vanuit 'n Christelik-Afrikaner-perspektief as bygelowig gestereotipeer. Volgens Broodryk was die Khoi-Khoi baie bygelowig en toordokters het 'n belangrike rol in hul lewens gespeel.³⁷ Van Rensburg *et al* beskryf die San se godsdiens en gebruike as volg: "Bushmen pray to the moon and stars. They honour the rain ... they are very superstitious. They believe the witchdoctor can let a person die at any time he chooses, so they are very afraid of him. They are also afraid of whirlwinds." Die gebruik van die teenwoordige tyd en die onaanvaarbare term "Bushmen" in 'n resente handboek (1992) versterk die negatiewe stereotipering inlaasgenoemde aanhaling.³⁸

Meestersimbole

Du Preez beskou meestersimbole as veralgemenings wat sosio-kulturele waardes versterk. Dit word so deel van die gemeenskap se kollektiewe bewussyn dat dit

met verloop van tyd as onweerlegbare feite aanvaar word. Meestersimbole is meer as oortuigings of beredeneerde menings oor sake. Dit word so deel van die mens dat hy nie eers daarvan bewus is nie. Meestersimbole regverdig die bestaande sosiale en institusionele struktuur.³⁹

Du Preez het twaalf meestersimbole geïdentifiseer wat herhaaldelik in skoolhandboeke voorkom.⁴⁰ Die meestersimbole wat direk betrekking het op die politieke orde en gevolglik die ideologie van rassisme regverdig, is die volgende:

- * Blankes is superieur in vergelyking met alle Swartes, wat wesentlik minderwaardig is;
- * Blankes word deur Swartes bedreig; en
- * Suid-Afrika behoort aan die blanke, Afrikaanssprekende Afrikaner.

Deur die aanwending van taal, stereotipering en meestersimbole is die swart bevolking in skoolgeskiedenis-handboeke onder ander as lui, onintelligent, oneerlik, bygelowig, fisies minderwaardig (vergelyk die San) en sedelik dekadent uitgebeeld.

3.2 Eurosentryse skoolgeskiedenis

As gevolg van die meerderwaardigheidsteorie van rassisme word die geskiedenis van die nedominante rasse in skoolgeskiedenis feitlik genegeer. In sy navorsing oor geskiedenisleerplanne en -handboeke in Suid-Afrika vanaf 1839 tot 1990 het Chernis bevind dat skoolgeskiedenis hier te lande Eurosentrys is: in die geïdealiseerde verlede speel die Afrikaner die hoofrol.⁴¹ Daarteenoor word "swart en bruin Suid-Afrikaners weggesegreger as staande buite die historiese stroom in andermansland".⁴²

Die werklike begin van skoolgeskiedenis is 1652 toe die eerste blankes hulle aan die suidpunt van Afrika gevestig het. In die handboeke word aandag gegee aan die ontstaan en groei van die blanke gemeenskap aan die Kaap; hul trek na en besetting van die binneland deur in die sewentiende en agtiende eeu. Die ontstaan van die Afrikaners in hierdie tyd bly die sentrale tema en word deurgetrek tot die geskiedenis van die twintigste eeu. Baie aandag word aan die politieke geskiedenis van Suid-Afrika gegee met die Afrikaner se belangrike rol deurentyd as die sentrale tema. Weinig aandag word aan die ekonomiese en sosiale geskiedenis spandeer. Verwysings na veral die Indiërs en sogenaamde Kleurlinggemeenskappe is gewoonlik van 'n terloopse aard.

4. Omgekeerde rassisme

Weerstand het volgens Van Jaarsveld "nog altyd opgeborrel by diegene wie se geskiedenis verbode, uitgesluit, geringgeskat of in leerplanne verwaarloos is."⁴³ As gevolg van die negering van die Swartes se geskiedenis het die "people's history"- en "history workshop"-idee posgevat. "People's history is in sy wese daardie geskiedenis wat vir 'n spesifieke groep relevant is en rekening hou met sy strewes en waardes."⁴⁴ Die begrip "people's history" is egter verpolitiseer en het sedert 1986 uitgekling tot 'n landswye beweging toe anti-apartheidsaktiviste die idee van "people's education for people's power" begin propageer het.⁴⁵ Soos vroeër by die Afrikaners, moet geskiedenis gebruik word vir politieke doeleindes: die koms van die blankes het gelei tot die verowering, onderwerping en onderdrukking van die inheemse Afrika-inwoners teen wie 'n driehonderdjarige stryd gevoer is om die behoud van die land.

In 'n studie oor geskiedenisonderrig in onafhanklike Afrikalande het Oosthuizen gevind dat die tydperk voor kolonisasie beskryf word as vooruitstrewend en konflikvry.⁴⁶ Met die koms van die blanke is die vooruitgang en rus versteur deur eksploitasie, degradasie, stryd en oorlog. Dus: "by the time historians have finished with him, the white man is shown up as an out and out ruffian and cut-throat with no sense of decency or respect for human values."⁴⁷

Geskiedskrywing deur Swartes in Suid-Afrika toon onder andere die volgende tendense:

- * Swartes bekleed 'n sentrale posisie in die geskiedenis wat hulle skrywe. Die Eurosentriese geskiedenisbeeld word verwerp.
- * Die blankes word meestal as die onderdrukker/uitbouter van die Swartes gesien en as koloniste, imperialiste of setlaars getipeer.
- * Blankes se verontregting van Swartes is die oorheersende tema van dié skrywers se werk.
- * Aan swart verset teen blanke oorheersing word baie aandag gegee. Die verset word uit die geskiedenis geregverdig.
- * Die optrede van sekere versetgroepe word beklemtoon. Dié werke het meestal 'n propagandistiese strekking.
- * Dié historici identifiseer hulleself volledig met die strewes van die Swartes. Dit is nie

geskiedskrywing van buite nie, maar betrokke geskiedskrywing.⁴⁸

Dié tendense kan moontlik in skoolgeskiedenis sy neerslag vind. In 'n berig in die *Sunday Times* onder die opskrif "The end of history as we knew it" word daar onder andere berig dat "new school textbooks will debunk myths about the Great Trek ... Sached's rewritten version of the trekker's flight from British oppression is less flattering and more critical than that taught under NP rule."⁴⁹ Van Jaarsveld wys daarop dat "wit kinders ... moontlik op skool geleer (sal) word van die misdade van apartheid, waarvoor hulle en hulle kinders onder die las van 'n kollektiewe skuld waarskynlik dekades sal moet boet soos dit die geval met die Duitsers na 1945 was."⁵⁰ Die herskrywing van die geskiedenis kan volgens Van Jaarsveld lei tot "'n gefabriseerde 'nuwe' verlede, dit is, 'n verideologiseerde en skrywers se verpolitiseerde geskiedenis wat kritiek op die verlede uitspreek met die oog op 'n beter toekoms." Dit kan lei tot 'n "verswarting" van die ganse verlede asof blankes slegs 'n negatiewe en destruktiewe aandeel daaraan gehad het.⁵¹

5. Die moontlike waarde van skoolgeskiedenis in die afbreek van rassisme

Onderwys, en in besonder skoolgeskiedenis, het volgens Benedict 'n belangrike rol te speel in die afbreek van rassisme.⁵² Rassisme is egter diep ingebed in die Suid-Afrikaanse samelewing en sal nie oornag verdwyn in die nuwe Suid-Afrika nie. Slegs wanneer alle onderwysbelanghebbendes, nie net die geskiedenisonderrysers, -handboekskrywers en -leerplansamestellers nie saamwerk in die daarstelling van 'n gemeenskap vry van rassevooroordel, sal rassisme afgebreek kan word.

Geskiedenisonderrig is meer as intellektuele verryking: dit behels onder andere ook die sosiale, geestelike, morele en politieke ontwikkeling van die kind.⁵³ Leerlinge sal slegs die begrip en respek vir ander groepe, erkenning van ander se regte, en die besef dat alle groepe deel is van die Suid-Afrikaanse samelewing, kan ontwikkel indien skoolgeskiedenis nie misbruik word ter bevordering van die ideologie van die regerende party nie, maar gebaseer is op feite en 'n deeglike analitiese sintese.

Deur kennis, begrip en empatie vir ander rasse kan 'n demokratiese bewussyn by die kind gekweek word: die ware demokrat is nie 'n rassis nie.

Geskiedenis is slegs die moeite werd as dit soeke na kennis die waarheid nastreef.⁵⁴ Deur eensydige seleksie, ongebalanseerde aanbieding en aannames, die

negering van die jongste navorsing⁵⁵ is skoolgeskiedenis gemanipuleer ter regverdiging van rassisme. Leerplanne sal volgens Van Jaarsveld "voorsiening moet maak vir 'n multiperspektiewiese benadering tot die landsverlede. Dit beteken dat gebeurtenisse tegelyk uit verskillende perspektiewe bestudeer moet word."⁵⁶ Die vorming van 'n eie oordeel moet aan die leerlinge oorgelaat word.

Geskiedenis kan 'n kritiese houding by leerlinge ontwikkel aangesien die waarheid nie na behore sonder so 'n ingesteldheid nagestreef kan word nie. Leerlinge moet leer om intellektueel nuuskierig en bevraagtekenend teenoor tendense en gebeure te staan, objektief na te dink en tussen feite en veralgemenings te onderskei.⁵⁷ Slegs wanneer 'n leerling krities ingesteld is teenoor geskiedenis, sal hy in staat wees om tussen intellektuele eerlikheid en oneerlikheid te onderskei: geen mens is meer- of minderwaardig op grond van ras nie.

Leerplanne het volgens Van Jaarsveld nie net die apartheidsamelewing gelegitimeer nie, maar ook 'n blanke of Afrikaneridentiteit bevorder. In die hande van 'n ANC-gedomineerde regering kan skoolgeskiedenis 'n wapen word om die oue te vernietig en iets anders in die plek daarvan te stel. Indien leerlinge deur nuwe leerplanne blootgestel gaan word aan 'n visie wat die blankes as "settlers", vreemdelinge, uitlanders, veroweraars, onderdrukkers en uitbuiters in hulle eie land voorstel, waarteen van die begin af deur Swartes "weerstand" gebied en 'n vryheidstryd gevoer is, kan daar volgens Van Jaarsveld reaksie verwag word wat eerder tot verdeeldheid as eenheid sal lei.⁵⁸ Leerlinge moet die reg hê om onderrig te word in die geskiedenis van hul eie ras,

maar nie ten koste van ander nie. Toekomstige leerplanne sal, om voorsiening te maak vir die diversiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, 'n groter regionaliteit moet toon. Regionaliteit moet egter nie verabsoluteer word nie: leerlinge moet gelei word tot kennis en begrip van die eenheid en diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Benedict beveel aan dat leerlinge nie net bewus gemaak moet word van die bestaan van verskillende rasse nie, maar ook van die interafhanklikheid van die verskillende rasse.⁵⁹

6. Ten slotte

Die beëindiging van geïnstitusionaliseerde rassisme deur die skraping van die apartheidswette en die daarstelling van 'n vry verkose demokratiese regering in Suid-Afrika sal nie individuele en groeprassisme beëindig nie. Die onderwys, en in besonder skoolgeskiedenis, het 'n rol te speel in die daarstelling van rasseharmonie: "history syllabuses can serve to unite, rather than divide".⁶⁰ Die mate van sukses wat skoolgeskiedenis kan behaal in die beëindiging van rassisme moet egter nie oorskat word nie.

Die opstellers van toekomstige geskiedenisleerplanne, skrywers van handboeke en onderwysers moet onthou dat die Suid-Afrikaanse verlede nie 'n politieke speelbal is wat vir eie voordeel gemanipuleer kan word nie. Die Suid-Afrikaanse verlede is nie die eksklusiewe besit van óf die blanke Afrikaners óf die Swartes nie. Ons verlede is die gemeenskaplike besit van almal wat Suid-Afrika as hul vaderland beskou.

Verwysings

1. **Die Volksblad**, 20 Januarie 1994, p. 9: Baie sal nog lank in apartheid-skadu bly.
2. Kallaway, P: History education in a democratic South Africa. **Yesterday and Today**, Nr 26, October 1993, p. 17.
3. The future of education: questions and answers. **Die Vrystaatse Onderwyser**, 84(1), Januarie 1994, p. 20.
4. Banton, M: **Race relations**, p. 16. Tavistock Publications, London, 1967.
5. Banton, M: The concept of racism in: Zubaida, S: **Race and racialism**, p. 17. Tavistock Publications, London, 1970.
6. Benedict, R: **Race and racism**, p. 97. The Scientific Book Club, London, 1943.
7. Banton, M: The concept of racism in: Zubaida, S: **Race and racialism**, p. 18. Tavistock Publications, London, 1970.
8. Ross, R: Reflections on a theme In: Ross, R (Ed.): **Racism and colonialism. Essays on ideology and social structure**, p. 1. Martinus Nijhoff Publications, The Hague, 1982.
9. Wilson, WJ: **Power, racism and privilege: race relations in theoretical and sociohistorical perspectives**, p. 32. The Free Press, New York, 1973.

10. Horn, JML: Geskiedenis, die gemeenskap en die kurrikulum. **Die Unie**, 88(6), Desember 1991, p. 12.
11. Van Jaarsveld & Rademeyer soos aangehaal deur Broodryk, M: Die onderrig van geskiedenis in die nuwe Suid-Afrika. **Die Unie**, 87(4), Oktober 1990, p. 117.
12. Ibid.
13. Ibid, pp. 116-119; Van Jaarsveld, FA: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia**, 34(2), November 1989, pp. 1-21; Van Jaarsveld, FA: Skoolgeskiedenis in die Nuwe Suid-Afrika. **Gister en Vandag**, Nr 20, September 1990, pp. 1-2; Van Jaarsveld, FA: Historiese bewussyn en die identiteitsvraagstuk in die geskiedenisonderrig in 'n toekomstige Suid-Afrika. **Gister en Vandag**, Nr 24, Oktober 1992, pp. 11-20; Chernis, RE: The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990. **Yesterday and Today**, Nr 21, April 1991, pp. 12-22.
14. Van Jaarsveld, FA: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia**, 34(2), November 1989, p. 1.
15. Chernis, RE: The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990. **Yesterday and Today**, Nr 21, April 1991, p. 14.
16. Van Jaarsveld, FA: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia**, 34(2), November 1989, pp. 5-8.
17. Chernis, RE: The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990. **Yesterday and Today**, Nr 21, April 1991, pp. 12-23.
18. Wilson, WJ: **Power, racism and privilege: race relations in theoretical and sociohistorical perspectives**, p. 32. The Free Press, New York, 1973.
19. Ross, R: Reflections on a theme In: Ross, R (Ed.): **Racism and colonialism. Essays on ideology and social structure**, p. 1. Martinus Nijhoff Publications, The Hague, 1982.
20. Oosthuizen, F: Vooroordeel, mites, meester-simbole en historiese indoktrinasie. **Gister en Vandag**, Nr 16, September 1988, p. 13.
21. Van Niekerk, AP, Lintvelt, HGJ, Van Wyk, OC & Stander, F: **Ons lewende verlede 5** (1985-sillabus), pp. 107-108. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., Kaapstad, 1985.
22. Joubert, CJ & Britz, JJ: **History for std. 6**, p. 137. Perskor Book Printers, Johannesburg, 1985.
23. Van Niekerk, AP, Lintvelt, HGJ, Van Wyk, OC & Stander, F: **Ons lewende verlede 5** (1985-sillabus), pp. 108, 111. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., Kaapstad, 1985.
24. Joubert, CJ & Britz, JJ: **Geskiedenis vir st. 7**, p. 157. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg, 1986.
25. Oosthuizen, F: Vooroordeel, mites, meestersimbole en historiese indoktrinasie. **Gister en Vandag**, Nr 16, September 1988, p. 13.
26. Mazel, AD & Stewart, PM: Perpetual poisoning of the mind: a consideration of the treatment of the San hunter-gatherers and the origins of South Africa's black population in South African school history textbooks since 1972 for standards eight, nine and ten and 1974 for standards five, six and seven. **Yesterday and Today**, Nr 18, September 1989, p. 11.
27. Broodryk, M: **Geskiedenis in perspektief. St. 5**, p.101. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg, 1984.
28. Lambrecht, HA, Bester, JJ, Buys, JJ, Fourie, J & Swanepoel, AC: **Geskiedenis 5. Nuwe Sillabus 1985**, p. 62. Nasou Beperk, Goodwood, 1984.
29. Broodryk, M: **Geskiedenis in perspektief. St. 5**, p.102. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg, 1984.
30. Ibid, pp. 102, 103.
31. Van Niekerk, AP, Lintvelt, HGJ, Van Wyk, OC & Stander, F: **Ons lewende verlede 5**

- (1985-syllabus), p. 106. Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk., Kaapstad, 1985.
32. Broodryk, M: **Geskiedenis in perspektief. St. 5**, p.106. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg, 1984.
33. Joubert, CJ & Britz, JJ: **History for std. 6**, p. 136. Perskor Book Printers, Johannesburg, 1985.
34. Broodryk, M: **Geskiedenis in perspektief. St. 5**, p. 96. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg, 1984.
35. Lambrecht, HA, Bester, JJ, Buys, JJ, Fourie, J & Swanepoel, AC: **Geskiedenis 5. Nuwe Syllabus 1985**, p. 70. Nasou Beperk, Goodwood, 1984.
36. Van Rensburg, APJ, Oosthuizen, FSG & Saks, EM: **Active history. Standaard 5. New syllabus 1986**, p. 125. De Jager-HAUM, Pretoria, 1992
37. Broodryk, M: **Geskiedenis in perspektief. St. 5**, p. 107. Perskor-Boekdrukkery, Johannesburg, 1984.
38. Van Rensburg, APJ, Oosthuizen, FSG & Saks, EM: **Active history. Standaard 5. New syllabus 1986**, p. 138. De Jager-HAUM, Pretoria, 1992.
39. Du Preez, JM: **Africana Afrikaner. Meestersimbole in Suid-Afrikaanse skool-handboeke**, p. 62. Librarius, Alberton, 1984.
40. Ibid, p. 73.
41. Chernis, RE: The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990. **Yesterday and Today**, Nr 21, April 1991, pp. 12-23.
42. Van Jaarsveld, FA: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia** 34(2), November 1989, p. 8.
43. Ibid, p. 11.
44. Broodryk, M: Die onderrig van geskiedenis in die nuwe Suid-Afrika. **Die Unie**, 87(4), Oktober 1990, p. 118.
45. Van Jaarsveld, FA: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia**, 34(2), November 1989, p. 9.
46. Oosthuizen, F: Geskiedenisonderrig in Afrika. **Gister en Vandag**, Nr 17, April 1989, p.23.
47. Ihebuzor soos aangehaal deur Oosthuizen, F: Geskiedenisonderrig in Afrika. **Gister en Vandag**, Nr 17, April 1989, p. 10.
48. Moll, JC, Van Aswegen, HJ, Benyon, JA, Davenport, TRH & Giliomee, HB: **Tussengroepverhoudinge soos weerspieël in die Suid-Afrikaanse historiografie**, p. 21. RGN, Pretoria, 1987.
49. **Sunday Times**, 23 January 1994, p. 5: The end of history as we knew it ...
50. **Die Volksblad**, 20 Januarie 1994, p. 9: Baie sal nog lank in apartheid-skadu bly.
51. Van Jaarsveld, FA: Omstrede Suid-Afrikaanse skoolgeskiedenis. **Historia**, 34(2), November 1989, p. 12.
52. Benedict, R: **Race and racism**, p. 162. The Scientific Book Club, London, 1943.
53. Tlale, CDM: History in the school curriculum. **Educamus**, 37(9), November 1991, p. 20.
54. Carl, AE: Die moontlike waarde van Geskiedenis as skoolvak binne 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing, (Deel 2). **Die Unie**, 88(4), Oktober 1991, p. 90.
55. Mohamed, BC: Alternative History as a response to Multiculturalism in History Teaching. **Yesterday and Today**, Nr 21, April 1991, p. 26; Mazel, AD & Stewart, PM: Perpetual poisoning of the mind: a consideration of the treatment of the San hunter-gatherers and the origins of South Africa's black population in South African school history textbooks since 1972 for standards eight, nine and ten and 1974 for standards five, six and seven. **Yesterday and Today**, Nr 18, September 1989, pp. 10-13.
56. Van Jaarsveld, FA: Skoolgeskiedenis in die Nuwe Suid-Afrika. **Gister en Vandag**, Nr 20, September 1990, p. 2.

57. Carl, AE: Die moontlike waarde van Geskiedenis as skoolvak binne 'n multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing, (Deel 2). **Die Unie**, 88(4), Oktober 1991, p. 91.

58. Van Jaarsveld, FA: Historiese bewussyn en die identiteitsvraagstuk in die geskiedenisonderrig in 'n toekomstige Suid-Afrika. **Gister en Vandag**, Nr 24, Oktober 1992, p. 15.

59. Benedict, R: **Race and racism**, p. 163. The Scientific Book Club, London, 1943.

60. Chernis, RE: The past in service of the present: A study of South African school history syllabuses and textbooks 1839-1990. **Yesterday and Today**, Nr 21, April 1991, p. 23.
